STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DIE WAPAD

DEEL XIII. Donderdag, 9 Oktober 1958 NR. 12

# Dit is weer Lente . . .

Dit is die maand Oktober,
Die mooiste, mooiste maand
Dan is die dag so helder,
So groen is elke aand.

. . . . So het die groot Afrikaanse digter C. Louis Leipoldt dit so mooi uitgedruk in 'n oomblik van gevoelvolle inspirasie.

Dit is weer lente, ook op Potchefstroom. In die met dou bepêrelde akkertjies langs die biblioteek staan die rose in wit en geel en pers en rooi; die groen grastapyte voor die damesresidensies skitterblink liggroen in die sonskyn; die akkerbome bot kwistig in Tomstraat; in die tuine ontluik pienk perskebloeisels ongemerk. Dit is weer lente! Die reuk van roos en kanferfoelie dring die neusgate binne.

En op en in hierdie pragtige, wonderskone, ontluikende byna asemrowende skoonheid is ook die gelate van die studente besig om te verkleur. Op groen grastapyte word wye somerrokkies uitgesprei, jong harte bons van pure nuwe verwagting, ogies skitter gevoelvol in ander ogies, kuiltjies verskyn op blosende wange . . .

Die somberheid maak plek vir die gelatenheid, die bedruktheid vir die uitbundigheid, die suurknolligheid vir hoflikheid.

In die strate en lane en voor en agter die hoofgebou is dit weer lente. Maar oor hierdie groenrooi lente troon soos 'n kolos hierdie hoofgebou-teken van rekenskap gee. Die studente loop rond met 'n lentegevoel en bonsende harte en breë glimlagte en hou selfs konferensies in laat nagte by die visdam tydens damesserenyttyd, maar ook die proffies is behep met hierdie gevoel, ook hulle is vol van glimlagte en 'n „lekkerkry-by-voorbaat"-gevoel by die blote gedagte aan die donderwolke van die naderende eksamen. Dit is weer die liewe lente op die Puk. Alles en almal leef na buite — die altruïsme verdring die egoïsme, daar heers 'n gees van kameraderie, 'n gees van: Ek vir jou en jy vir my. Alles gaan so lenterig, alles lyk so kleurvol, daar is nuwe verwagting: dit is weer lente!

Maar, o wee:

**Sal die singende voëltjies**
**Met die somer verdwyn?**
**Sal die koue die blare**
**En blomme laat verkwyn?**



„Somer en son en saffier vir my" — Is dit die gedagtes van hierdie vrolike Puk-dametjies? Geen wonder dat die mans mymer: „Tannie ons pluk rosies . . . "

# . . . Die Winter is Verby

# DIE ROEPSTEM EN .... DIE ANTWOORD

**In al ons wandel, spel en werk,**

**Hoor ons jou roepstem, magtig sterk,**

Dit is die roepstem van ons Alma Mater wat so tot ons kom, en hy kom in baie verskillende gedaantes. Maar nou, as die roepstem van die saak wat hy lief het tot die Afrikaner kom, is daar altyd één refrein in sy binneste: **Op jou roep sê ons nooit nee nie.**

U mag miskien dink dat ek baie idealisties is, maar tog glo ek dat die ware Afrikaner graag die saak wat sy goedkeuring wegdra met liefde wil dien. Miskien lê dit diep in sy Calvinistiese opvatting opgesluit dat die mens alleen die antwoorder is op die vrae wat God stel: elke daad van die mens is 'n duidelike antwoord op 'n vraag van God aan die mens. Die mens is gewoond om te gehoorsaam aan die vraagstem, aan die roepstem van God.

Op die oog af lyk hierdie dienende karakter van die Afrikaner baie mooi. Ook in ons studentelewe sien ons dit en dit laat 'n aangename gevoel van warmte en trots in die hart opwel. Ons het gesê op die oog af, geagte leser. Moet my nou asseblief nie kwalik neem as ek vir die optimisme wat ek tot dusver kwytgeraak het gaan vergoed met 'n bietjie pessimisme nie.

Graag wil ek daardie dienende karakter waarvan ek reeds gepraat het, onder die soeklig neem. En dan is die vraag: **wie dien die student?** Laat ons eerlik wees. Dien hy in die eerste instansie God, en dan ook die saak wat die roepstem laat weerklink, **of dien hy homself?** Kan u insien geagte leser dat as die mens homself dien, die refrein steeds luider deur sy hele wese sal weerklink: **Op jou roep sê ons nooit nee nie.**

Elders in hierdie blad staan die spreuk: Hy wat slegs van homself geleer het, het 'n dwaas vir 'n leermeester gehad. Die mens wat alleen homself gedien het, het dan ook alleen van homself geleer. Alleen deur diens leer ons, leer ons om te gee en te ontvang; nie net aan onsself en van onsself nie, maar om met opregtheid en in die ware diensgestalte te sê: Op jou roep sê ons nooit nee nie.

Geagte Pukke, ons Alma Mater roep hard, roep magtig sterk. Daar is baie terreine waarop daar gewerk moet word. Daar is baie terreine waarop ons steun kan verleen deur ons as waardige studente van hierdie universiteit te gedra. Laat ons uiterlike en innerlike 'n antwoord wees op die roepstem wat tot ons uitgaan, en nie om onsself te dien nie, want dan gaan ons die weg van die dwase op.


## Die Wapad

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
**Donderdag, 9 Oktober 1958**



REDAKSIE EN ADMINISTRASIE.

| | |
|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Andries Myburg. |
| O/HOOFREDAKTEUR | Nesco du Toit. |
| NUUS | Jan v. d. Schyff. |
| INTER-UNIVERSITÊRE-AANGELEENTHEDE | Chris Coetzee |
| KUNS | Enid Rautenbach. |
| SPORT | De Wet Krüger. |
| TEGNIESE-ADVISEUR | Dries Yssel |
| FOTOGRAAF | Hannes v. d. Walt. |
| PENNINGMEESTER | Hans van Zyl. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Eike Howaldt. |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Leon Swart. |


# BROKKIES UIT DIE PERS

„DIE VOORLAAIER" berig dat op die jongste vergadering van die Hoofbestuur van die A.S.B. besluit is om 'n afgevaardigde na die Eendrachtskommissie se vyfde jaarkongres, wat vanjaar in België gehou word, te stuur. Daar sal dan nie meer 'n persoon na die Konferensie van die I.S.K. gaan nie.

* * *

Nadat aangekondig is dat die wetgewing op aparte universiteite uitgestel is, skryf VARSITY: "It seems that we have a breathing space in which to rally our forces for the final stage of the struggle to remain universities in the full sense of the word . . . On the campus there has been an increasing tendency for students to lose interest in the interference of the State into our affairs . . . The present lull in hostilities must not be regarded as a chance to forget about the whole affair and to sink deeper and deeper into apathy . . . "

* * *

Daar bestaan steeds noue samewerking tussen die A.S.B. en die S.A. Federasie van Joodse en Sioniste Studenteverenigings in S.A. In die Handboek van die Joodse Studentevereniging aan U.K. staan o.a.: "With regard to the University, we believe the only way to enchance the universal is through intensification of the particular . . . ". Dit is taal wat die A.S.B. verstaan. **(Die Voorlaaier)....**




**MOENIE SOEK NIE!**

**'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind**

**J. P. VAN DER WALT APTEEK**

EK VOORSIEN ALLES WAT U VAN 'N APTEEK VERLANG

Kerkstraat 118.

**Vir al u**

**TRAPFIETSE, N.S.U.-BROMFIETSE, BROMPONIES, ONDERDELE, en HERSTELWERK,**

**besoek — PARK FIETSWINKEL**

(F. F. Tranter)

**H/v. Van Riebeeck- en Lombardstraat. Foon 995**

Asook: KRUIDENIERSWARE EN VARS PRODUKTE.

**WESTVAAL**

**Studente!**

VIR KWALITEIT

DROOGSKOONMAAK

STUUR NA

**WESTVAAL**

# RADIO NEDERLAND ROEP U!

**Graag wens die redaksie om hierdie brief onder die aandag van ons lesers te bring. Dit is 'n besondere poging om kontak met lande en studente oorsee te maak en ons samewerking kan alleen wins wees.**

**Die adres waarheen u wenke en voorstelle stuur, is:**

**RADIO NEDERLAND WêRELDOMROEP,**
**Posbus 137,**
**Hilversum,**
**NEDERLAND.**




Geagte Heer,

Met die koms van u bekende Studentevarialeier Frikkie Kraamwinkel na Nederland, het ons die moontlikheid bespreek om deur middel van Radio Nederland Wereldomroep, Nederland aan die Suid-Afrikaanse studente voor te stel en hulle ook verder deur opnames in ons uitsendings met hulle studies behulpsaam te wees. Ons dink hier byvoorbeeld aan onderhoude e.d.m. met skrywers en komponiste ens., asook geselsies oor plekke van betekenis in die studente se studie.

Ons het in gedagte om met die aanbieding van die materiaal waarin 'n Studentevaria van Radio Nederland Wereldomroep genoem sal kan word, ook aantreklike geskenke as pryse aan te bied.

Alvorens ons egter definitiewe beslag aan die saak gee, sou ons graag deur middel van u Studenteblad die saak onder u studente se aandag wil bring en suggesties en voorstelle van u ontvang wat ons in so 'n studenteprogram vir die Suid-Afrikaanse studente kan verwerk. Ons loof om mee te begin, al 'n mooi prys uit vir die student met die beste voorstel in die verband.

Ons kan net hier byvoeg dat ons uitsendings elke weeksaand om 7.30 Suid-Afrikaanse tyd in die 13, 16 en 19 meterband gehoor kan word. Daar word natuurlik ook gereeld deur ons maandelikse bydrae uit Holland vir Studentevaria, kontak met die Suid-Afrikaanse studente gehou.

Dit sal baie waardeer word as u so vriendelik kan wees om ons met voormelde saak behulpsaam te wees, en by voorbaat bedank ons u vir u welwillendheid en medewerking.

Hoogagtend,

Radio Nederland Wereldomroep.

H. Knap,
Hoof, Afrikaanse Afdeling.




**CLAUSTRO PHOBIA?**

★

**IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE”?**

★

**Maak daardie woord INTERESSANT en DUIDELIK —**

KOM NA

**PRO REGE PERS**

DIé

POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL

Kerkstraat 95 — Tel. 1164

BOEKHANDEL — ANTIKWARIAAT


## Oordenking

# JESUS, DIE CHRISTUS, OP BESOEK.

**Lukas 14 : 15 v.v.**

**En toe een van die wat saam aan tafel was, dit hoor, sê hy vir Hom: Salig is hy wat brood eet in die koninkryk van God. Maar Hy antwoord hom: 'n Sekere man het 'n groot maaltyd gegee en baie mense uitgenooi. En op die uur van die maaltyd het hy sy dienskneg uitgestuur om vir die genooides te sê: Kom, want alles is nou gereed. En hulle het hul almal eenparig begin verontskuldig . . . . .**

Op die Sabbat van die Jode nuttig Jesus op uitnodiging saam die broodmaaltyd in die huis van 'n owerste van die Fariseërs. Hy is ook 'n gas. Maar wanneer Jesus kom, is Hy nie 'n besoeker soos al die ander nie. Hy is anders. Die Fariseër nooi Jesus waarskynlik met opset . . . om sy andersheid. Meermale het wetgeleerdes en Fariseers met Jesus kontak gesoek, nie omdat hulle sy andersheid waardeer nie; hulle soek geleentheid om Hom te laat voel hoe sy andersheid hulle erger. As hulle kan, sal hulle Hom probeer vastrek, byvoorbeeld op die feit dat Hy op die Joodse Sabbat, teen die reël in, siekes genees. Oortreding van een van die reëls en gebooie waarmee die Fariseërs die lewe omklee het.

Jesus is ook wesenlik anders. Meer nog: Hy is die Ander Een wat in die geselskap van wetgeleerdes en Fariseërs die vryheid neem om 'n reguit lyn te trek deur konvensies, reëls en gewoontes, dwarsdeur die lede van die mense. Hy kom met 'n oordeel. En wie is daar wat Hom buitesluit, want Hy kom met die waarheid, die diepste, die allesdeurdringende waarheid. Jesus, die Christus, kom met die goddelike waarheid. Hy kom ook met krag. Op sy uur kan niemand Hom weerstaan nie, dan kom Hy met sy woord ons hart binne.

So genees Jesus onder die oë van die geselskap Fariseërs en wetsgeleerdes die siek man se liggaam wat geswel is van die water. Liefdebetoon op die Sabbat, is dit verkeerd? so vra Jesus. As u esel of os in die put val, sal u dit nie op die Sabbatdag uittrek nie? Hulle kon Hom nie daarop antwoord nie. Nog enkele ander dinge: As gas op 'n bruilof moet u die agterste plek inneem in plaas van die voorste, want wie homself verneder, sal verhoog word, en omgekeerd. Jesus skou ook diep in die hart van die gasheer. Hy sê vir hom: As u 'n feesmaal gee, nooi die armes en die verminktes, kortom, dié wat niks het om te vergeld nie, en u sal gelukkig wees . . .

As Jesus besoek aflê, spreek Hy altyd 'n woord met gesag. Die skares wat Hom aangehoor het, het dit gevoel: koninklike gesag! Koninklik. Koninkryk! Wanneer een van die aanwesiges die gesprek wil bring op die maaltyd wat God sal aanrig op die berg Sion vir al die volke — salig is hy wat brood eet in die koninkryk van God! — dan verkondig Jesus hoe dit met dié maaltyd sal toegaan. Alles sal gereed wees. Almal word genooi. Maar wat instroom, is verskonings van allerlei aard. Die genooides is te besig met hulle eie dinge om te luister na die uitnodiging. Die een moet na sy stuk grond gaan kyk, 'n ander moet sy osse probeer, 'n derde het 'n vrou getrou en daarom kan hy nie kom nie. Jesus dui met hierdie mense eerstens die Israeliet aan wat van 'n koninkryk praat, maar wat die roepstem van die nodigende Koning verag. Israel wil homself nie verneder en ingaan tot die maaltyd van Koning Jesus Christus nie. Daarom sal die Evangelie uitgaan na ander wat geen heil kon verwag nie, die armes, verminktes, kreupeles en blindes, die hulpeloses wat in hulle self ellendig is, die sal aansit vir die maaltyd. Die heidene tot wie Christus Hom gewend het. Die Koning stel Hom nog voor elkeen van ons met 'n oordeel en 'n uitnodiging. Sy woord tref ons diep in ons lewe, in ons hart. Geen sonde en gebrek is vir Hom verborge nie. Maar Hy is die Saligmaker van elkeen wat in Hom glo. Hoe dan, sal ons ons verskoon van sy maaltyd?

—Simon v. d. Bijl.


**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**

vir alle

* Sportuitrusting

en

* Sportbenodigdhede

* Hardeware.

**DAVY ROBERSON**

vir

* BETER FOTOGRAFIESE DIENSTE

en

* KUNSRAAMWERKE

**Tel. 317 - - - - - - Posbus 99**

# A.S.B. AN DAAR SKOOLGAAN

**DIE GESEGDE: „DIE PEN IS MAGTIGER AS DIE SWAARD", WORD BLYKBAAR DEUR NUSAS NA WAARDE GESKAT EN VOLGENS DAARDIE OORTUIGING GAAN HY OOK TE WERK. DAT SY PROPAGANDAMASJIEN GLAD GEOLIE IS EN ALLES VERRIG WAT DAARVAN VERWAG KAN WORD, IS BAIE DUIDELIK, AL WORD HIER NIE GEPOOG OM 'N VOLLEDIGE UITEENSETTING DAARVAN TE GEE NIE.**

**MASSA:**

Die massa publikasies wat die lig sien, is verbysterend. Deur die studente van die inrigtings waar NUSAS-takke bestaan, word omtrent 11 nuusblaaie gepubliseer. Die joernalistieke gehalte van die artikels is hoogstaande en veral opmerklik is dat hulle met 'n heelwat skerper stem spreek teen die dinge waarvan hulle nie hou nie, as hulle kollegas aan die Afrikaanse sentra. Publikasies wat betrekking het op spesifieke sake verskyn ook van tyd tot tyd. Een van die merkwaardigste publikasies in hierdie kader is die „NUSAS NEWS-LETTER", „a monthly digest of press comment on South African educational affairs." Dit bevat perskommentaar van oor die hele wêreld en bereik soms die indrukwekkende omvang van 27 getikte folios.

**VERSPREIDING:**

Die publikasies word op doeltreffende wyse versprei. Aan die P.U. word dit (ongevraagd) ontvang deur die S.R., Die Wapad en sommiges gaan ook na die A.S.B. Daarbenewens kan aangeneem word dat weens die noue skakeling wat NUSAS het met die voorgestoeltes van I.S.K., hierdie organisasie ook deeglik voorsien word van die NUSAS-publikasies.

**TEENVOETER:**

Dit lyk nie of die A.S.B. tans 'n teenvoeter besit vir hierdie stroom van propaganda nie. In die Afrikaanse studentekoerante word min ruimte bestee aan soortgelyke sake. Aan Studenterade ens. word Die Voorlaaier in slegs beperkte hoeveelhede voorsien. Tot dusver het die maandelikse publikasie van die Suid-Afrikaanse Universiteitspersassosiasie (tydens die laaste NUSAS-kongres deur 'n aantal Engelse en Afrikaanse Universiteite gestig, met mnr. Nols Bolton van U.O.V.S. as voorsitter) slegs artikels van A.S.B.-vyandige instansies bevat. Skynbaar lê die fout vir die eensydigheid by die Afrikaanse lede wat seker nie dieselfde hoogagting het vir die geskrewe woord as hulle Engelse kollegas nie. 'n Verdere bewys van die floue belangstelling wat bestaan vir die bekendmaak van jou publikasies, is dat ten spyte van herhaalde versoeke aan Onderwyskolleges om hul publikasies aan die P.U. te stuur, tans net van die P.O.K. 'n studentekoerant ontvang word.

Blykbaar vind die meeste NUSAS-publikasies tans hul weg na die snippermandjie in die Studenteraadskantoor voordat studente hul juis onder oë kan kry. Dit is seker die aangewese weg om te volg indien jy die stem van jou teenstander uit jou midde wil weer — óf omdat gereken word dit is nie die moeite werd om ag te gee op wat hy te sê het nie, óf omdat die studentegemeenskap as onmondig beskou word en dus van sulke skadelike lektuur geweer moet word.

Ongetwyfeld is dit 'n leemte dat NUSAS-sentra op die uiters belangrike terrein van propaganda nie in gelyke munt terugbetaal kan word nie en dat so min van ons studente die geleentheid het om kennis te neem van wat NUSAS te sê het.

---

Hy wat slegs van homself geleer het, het 'n dwaas vir 'n leermeester gehad.


* * *

Ons drink mekaar se gesondheid en bederf ons eie.

* * *

Onthou, daar is nog nooit 'n standbeeld opgerig vir 'n kritikus nie.

Uit die mond van die Suigeling



Dameth en Heerge

Die Bult Apteek

IS TOT U DIENS

Vlak onder u Neus

Tomstraat 86 Tel. 3091


INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE en KOLONIALE

● SPIRITUALIEË en

● WYNSOORTE

DIENS!



OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . . .

Mooirivier-Apteek

Kerkstraat 205. Telefoon 380.

UNIE BAKKERYE

Posbus 244 - Foon 167 & 1086

●

BROOD, KOEK en PASTEITJIES

Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.

TROU-, VERJAARDAG en DOOPKOEKE.

●

Kerkstraat 60 - Potchefstroom

Spoorwegstraat - - Klerksdorp

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . ."


('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)

BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n FIETS aan te skaf.

C. van der MERWE

FIETSHANDELAAR

Alle Gekysdes en Verloofdes! ! ! !



Bevorder U Sake . . . . .

Kom na

MALAN MEUBILEERDERS

Kerkstraat 112 Telefoon 2157

# DIE EINDE IS IN SIG

## Vrees, verwarring en waan

Toe die trein Dinsdagmiddag die beroemde Cachet-stasie binnestoom en met 'n geknars van remme tot stilstand gekom het was daar seker in die gedagte van elke student op daardie trein 'n ander patroon. Wat het elkeen gedink, en met watter verwagtings het hy of sy die „tassies" opgeraap en begin aanstryk in die rigting van die koshuise? Wie sal weet?

Miskien tipeer die opskrifte van hierdie stukkie baie van die gedagtes. **Die einde is in sig . . .** voorwaar dit is die laaste kwartaal en daar moet rekenskap gegee word van wat hierdie jaar gedoen is of nie gedoen is nie. En dan kom die onderskrif: **vrees, verwarringe en waan.** Sommige leef in onomwonde **vrees.** Dit is amper dieselfde vrees as waarmee die eerstejaars teen die middel van Februarie hier aangeland het: sal ek weer die sonlig na dese sien?




„Kom tassies, Baas is haastig!"

ja hulle gaan nie net slaag nie, maar daar wag nog 'n paar onderskeidings ook. Gelukkig is daar nie baie van hierdie persone nie, want hulle lewensuitkyk is pynlik vir die wat nie gewerk het nie.

Ander leef weer in **verwarringe:** sal ek die paal haal? Miskien . . . miskien . . . Ek het tog hierdie jaar probeer werk. Miskien sal die proffie tog genadig wees. Gelukkig is daar nie meer 'n predikate trein nie. As ek deurkom vier ek dit met 'n hele week van fliek en sleep.

Maar daar is ook ander wat met veel meer selfvertrou die tasse opraap en begin aanstryk na die boeke toe. Dit is hulle wat in die **waan** leef. Nouja, miskien is dit 'n waan dat die bekommernisse oor die naderende donderwolke hulle nie raak nie. Hulle het tog deur die jaar gewerk en nou-

So stryk hulle almal saam aan koshuise toe. Sommige verberg hulle ware gevoelens agter 'n masker van skerts en brawado, maar diep in die hart van elkeen is dit donker en onheilspellend; selfs in die harte van hulle wat in die waan leef.

En as die koel aandwindjie Dinsdagaand begin waai en die slepers rustig die strate begin vul, dan is die gesigspatrone van die middag op die stasie nie meer so duidelik nie. Dan is daar kalmte en rus wat alleen die geselskap van die hart kan meebring.

Graag sou ek die storie verder wou skryf, maar dit is lente en miskien sou dit in baie gevalle tragies eindig. En 'n tragedie en die lente weerspreek mekaar. Dus sal ons maar volstaan met die koel aandwindjie en die rustigheid op die gesigte, in die waas van die liefde.

# ONDER DIE LENTEBLOEISELS

Was dit die naderende volmaan of was dit maar net die lente in die lug en die bloeisels van die bome?

Hartlik geluk **Lenie de Beer** en **Hennie van der Walt,** op die eerste trap van die leer.

Maar ook onder die eerstejaars is 'n wit bloeisel gepluk — en wie sal 'n man kwalik neem? **Ilna Schoeman** en **Gert Snyman** loop nou hand aan hand.

Verlief, verloof, maar nog nie . . **Piet Botha** en **Amelia Jonker** glimlag breed, soos alleen verloofdes kan glimlag.

Ai die lente!

* * *

Mens hoor nooit dat 'n man met 'n vrou trou om haar te hervorm nie.

## Voorjaar

Geil klim jy uit die aarde op
waar plasma van die lewe klop,

waar uit die vrug en saad van God
die lewe kruip en sprietgroen bot.

Jy plant die glasklaar, wit kristal
van lewe in die groot heelal

In tintelstroom van sap en loot
dra jy die lewe polsend voort.

Jy hang oor vlei en waterplas
die geur van soet, gekneusde gras.

Jy borrel in die sangliriek
van nanagreën en somerkriek

Uit silwer nag bring jy die droom
van narsing en soetdoringboom,


Waar in loom ure, vak op vak,
wit blomme vlok aan elke tak.

Geil klim jy uit die aarde op
waar plasma van die lewe klop,

Waar uit die vrug en saad van God
die lewe kruip en sprietgroen bot.

—Koos Kruger.

PUKKE......



VIR JULLE BLêRKASTE
EN ANDER ELEKTRIESE
BENODIGDHEDE

**W. J. SPAVINS en SEUN**

Kerkstraat 101 — Tel. 185

**Excelsior Meubels**

**Kerkstraat 184 — Potchefstroom — Telefoon 743**

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"

Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die Meubelbedryf.

**Ons reël Afbetalings wat by nuwe beginners se inkomste pas.**

KOM KYK BY . . . .

**J. HEIDEMA**

**FOON 364 - - - - - - - - - - KERKSTR. 48, POTCHEFSTROOM**

- ☐ FIETSE,
- ☐ BROMFIETSE,
- ☐ MOTORFIETSE,
- ☐ TIKMASJIENE, ENS.




# SANGUITVOERING DEUR BEROEMDE MIMI COERTSE

MENSE het van heinde en verre gekom om die sanguitvoering van die beroemde vier-en-twintigjarige Suid-Afrikaanse sopraan, te hoor. Die sanguitvoering was ook inderdaad een van die hoogtepunte van die P.U.-musiekvereniging se jaarprogram.

Mimi Coertse het haar program lig maar afwisselend opgestel. Hierdie programkeuse het vereis dat die sangeres en die gehoor gedurig moes oorskakel van een stemming na 'n ander. Dit het meegebring dat die sangeres en die gehoor mekaar nooit werklik kon vind nie, en dit het 'n mens soms rusteloos gestem.

**Vanuit die staanspoor het Mimi Coertse die gehoor bekoor met haar wondersoete stem. Treffend is die besondere rypheid van toon en klank—sonder die geringste inspanning het die sagste tone tot in die uiteindes van die saal getril. Dit was 'n genot om te sien met welke mate van ontspanning Mimi Coertse die suiwere, rype tone voortgebring het, veral wat die hoë tone betref. Dit is gewis en seker dat Mimi Coertse nog wêrelde sal ontroer met haar vol kristalhelder stem.**

Die sangeres se uitspraak was egter nie altyd onberispelik gewees nie, en sy het veral in die Duits gesondig. So, bv. in „Gretchen am Spinrade," het sy die eindvokale, veral die s-klanke, soms 'n taamlike harde stemvokaal gemaak en sodoende die lied van sy dramatiese gehalte beroof. Oor die algemeen het Mimi Coertse die Schubert-liedere aantreklik vertolk, alhoewel nie altyd heeltemal saam met die karakter van die liedere nie.

In haar vertolkings het Mimi Coertse haarself nie soseer onderskei as Liederesangeres nie, maar veel eerder as Operasangeres. In al die vertolkings was daar 'n kenmerkende varsheid en frisheid. Haar vertolkings was soos fyn kantsakdoekies wat kunstig en soepel met die delikaaste en fynste kunssy deurweef is. Al die vertolkings van ligte luimigheid was gekenmerk deur lentevreugde in die vertolkings en ryke herfskleure in die tone.

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

In haar vertolking van die groep Afrikaanse liedjies het Mimi Coertse die gehoor heeltemal geboei. Op elk van hierdie liedjies het die sangeres haar eie Mimi Coertse stempel afgedruk. In „Kokkewiet" van Lemmer het sy 'n baie goeie mimieke spel gelewer van die bekende Suid-Afrikaanse voëltjie. Die vier liedjies van S. le Roux Marais is met trillende eenvoud gesing: met speelse genot het die „Vlindertjie" rondgefladder en het Klaradyn kom dans. Mimi Coertse het hier geslaag om 'n mens mee te sleur na 'n sprokiesagtige wêreld van Afrikaanse liedjies.

Die program is bekroon met twee Mozart arias. Die vertolking van die „Aria van die Koningin van die Nag" was uitmuntend veral wat betref die ongelooflike instrumentale kwaliteit van die sangeres se stem. Dit is dan interessant om te let op die feit dat Mimi Coertse hierdie aria al sewentig keer voor gehore gesing het. Die twee toegifte wat die sangeres gegee het was ook baie goed van pas en goed vertolk.

Die begeleier, José Rodrigues-Lopez het homself goed gekwyt van sy taak, veral in sy begeleiding van die Afrikaanse liedjies — hier was daar 'n roerende harmonie tussen die sangeres en begeleier.

**Dit is dan gewis en seker dat Mimi Coertse se sanguitvoering vir menigeen nog lank in die geheue sal bly en dat hierdie jong, aantreklike sangeres nog groot opgang in die sangwêreld sal maak, veral in die operawêreld.**



Vir daardie Hol gevoel op die maag bak ons die heerlikste **Vleispasteitjies**

**TURKSTRA BAKKERY**

(Edms.) Bpk.

KERKSTRAAT 61

# HIEROOR EN DAAROOR

Ek lees êrens in hierdie uitgawe dat daar nog nooit 'n standbeeld opgerig is vir 'n kritikus nie. Ek dink egter tog dat hierdie een dit verdien het . . .

Heywood Broun was baie lief vir die teater en die groot meerderheid van sy kommentare was altyd geskryf in 'n sagte en 'n bemoedigende toon. Een aand het 'n akteur met die naam van Geoffrey Steyne met 'n vertoning voor die dag gekom wat die kritikus heeltemal dwars in die krop gesteek het. Broun sê toe — heel beleefd — dat Steyne die hopeloosste akteur op die Amerikaanse toneelverhoog is.

Die heer Steyne voel homself toe beledig en dagvaar toe vir Broun. Vanselfsprekend was dit 'n baie kritieke posisie, aangesien die hele prinsiepe van toneel-kritisisme op die spel was. Die hof het egter die saak „uitgegooi" en met groot opgewondenheid het die lesende publiek gewag om te sien wat Broun aangaande die heer Steyne sou sê ná lg. se volgende optrede in New York.

Die groot aand het toe dan ook aangebreek, en die volgende dag het die mense gretig geblaai na Broune se rubriek: hy het niks gemeld van Geoffrey Steyne nie, behalwe vir 'n enkele sinnetjie in die laaste paragraaf. Dit het gelees: „Die vertolking van Mnr. Steyne was onder sy gewone standaard."

* * *

Dit was sluitingstyd in Mike se kroeg, en dieselfde ou vier dronkies het in tipiese sluitingstyd-posisies oor die toonbank gelê. Mike het sy moue opgerol en die vier kroegvlieë taamlik onsag bymekaar gemaak. Hierna het hy hulle buite in 'n huurmotor gaan rangskik.

Toe het hy 'n pondnoot aan die huurmotor-bestuurder oorhandig, en begin vertel: "Gooi die een op die linkerkant af by 270 Parklaan, die een langs hom by 20 Oosstraat, die derde een by 1134 27ste laan en die laaste een gaan die hele end pad op na een van die Universiteitskoshuise."

Die huurmotor het weggetrek, maar was binne tien minute weer terug.

„Haai, Mike," die bestuurder het met 'n gelate uitdrukking op die drumpel van die kroegdeur gestaan—„sal jy asseblief weer hierdie klomp kêrels vir my kom rangskik? Ek het oor 'n knik gery in Madison-laan!"

— JAN RAP

**NOORDBRUG KONTANTWINKEL**

(Eienaar: A. G. Botha)

Langs Noordbrug-Poskantoor.

Vir

KRUIDENIERSWARE, SKRYFBEHOEFTES, LEKKERS, SIGARETTE en TOILETWARE

**CENTRAL NEWS AGENCY LTD.**

CNA

Ons voorsien in alle UNIVERSITEITSBOEKE, SKRYFBEHOEFTES, PLAASLIKE en OORSESE TYDSKRIFTE en KOERANTE.

**Kerkstraat 139** - - - - - - - - - **Telefoon 114**

**POTCHEFSTROOM**

# UNIVERSITEIT KLOP NORMAAL

Dit wil voorkom asof die Pote die jaar maar nie hulle voete teen die Pukkies kan vind wat tennis en voetbal betref nie. Saterdag die 13de September het die groot slagting plaasgevind op ons bane en die Pukke het gewen met **112 spelle teen 48**, wat in tennis 'n kafferpak genoem word. Daarmee het die Pukke dan ook gesorg dat hulle vir die derde agtereenvolgende jaar die Smithskild behou waarvoor jaarliks tussen die Universiteit en Normaal meegeding word. Die Pukke het gespeel asof hulle geen fout kan maak nie, en dit was maar 'n taamlike moedelose klomp teenstanders aan die einde, hoewel gesê moet word dat ons vriende die Normaliete die pak baie goed gedra het.

Die mans het ook in hulle afdeling skoonskip gemaak, wat tellings soos 10-1 en 9-2 duidelik wys. Ook die dames het in hulle afdeling van die spel skoonskip gemaak en dit blyk dat die ondervinding wat ons dames op die S.A. Universiteite Toernooi opgedoen het van onskatbare waarde was, veral Elma Faure en S. Heyns het baie bestendig vertoon. In die gemengde dubbels was dit ook maar weer so. E. de Jager en C. Kruger het hulle gemeng onderskeidelik 10-1 en 9-2 gewen. Ook Koos Gerber en Surette Heyns het maklike oorwinnings behaal.

* * *

Ek sou 'n beter mens gewees het as ek net nie so ontsettend dom was nie.

* * *

Die plig bring altyd sy eie loon mee.—Cicero.

Vir:
- GEKAPTE HOUT,
- BESTE KOLE,
- SKOON ANTRASIET
- en SMIDSKOLE,

Kom na . . .

**Stander & Linder**
(Edms.) Bpk.

Leweraars vir die Unie-tenderraad.
Tel. 367 en 386—Wolmaransstr. 77

Drink die beste!
- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

S & S
Drink
- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134
**POTCH MINERAL WATERS**

**Dames!**
Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT teen baie Redelike Pryse!
OOK ALLE TOILETWARE.
Kom besigtig ons nuwe
WINTERVOORRAAD.
**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**
Tomstraat 92 - - POTCHEFSTROOM - - Telefoon 1389

**G H Juweliers**
Kerkstraat 129
★
DESKUNDIGE HERSTELWERK
HORLOSIEMAKER en JUWELIER

**A. T. LUKE EN KIE** - - - - - **Aptekers**
Vir al u MEDIESE BENODIGDHEDE en SKOONHEIDSPREPARATE.
Agente vir: INNOXA en MARLENE Skoonheidsmiddels GRAMMOFOONPLATE en MUSIEKINSTRUMENTE.
KERKSTRAAT 135 - - - - - - POTCHEFSTROOM


Die mooiste
GESKENK
VIR U VRIENDE
'n PORTRET
VAN:
BEYERS
CLAASSEN

**Sanlam**
DIE WAARBORG VIR UITKOMS
VIR U EN U GESIN!
**Verteenwoordig deur —**
Wyksbestuurder: W. J. S. COETSEE. Tel. 105
Huisadres: Hoffmanstraat 84,
Kantoor: H/v. Kerk- en Lombardstraat.

**POTCHEFSTROOM DRANKWINKEL**
GROOT- EN KLEINHANDELAARS IN DRANK.
(Direkteur/Director: D. N. Smith)
WHOLESALE AND RETAIL SPIRIT MERCHANTS
**POTCHEFSTROOM BOTTLE STORE**
Foon/Phone 214 - - - - - - Posbus/P.O. Box 6
KERKSTRAAT 185

# KRIEKET TEEN PROEFPLAAS

## PUKKE VERLOOR NET-NET

Onder ideale weersomstandighede vir krieket en op 'n kolfblad wat enigiets kan aanvang, het die eerste krieketwedstryd van die seisoen begin.

Proefplaas het die loot gewen en besluit om te boul. In die eerste boulbeurt reeds, slaan hulle 'n gevoelige slag onder die Pukke, toe hul bouler Goosen 'n paaltjie laat kantel het.

Lopies het stadig gekom en 'n mens kon sien dat die kolwers nie heeltemal op hulle gemak was nie. Mettertyd het dit beter gegaan. Andries van der Walt het hom deeglik ingegrawe om vir 'n geruime tyd daar te bly.

Ben Potgieter kon aanvanklik nie die versoeking weerstaan om 'n paar wilde swaaihoue uit te voer nie. Hy ruk later goed reg en slaan niks minder as vier grenshoue nie, waarvan twee amper seshoue was. Hy het die meeste lopies van die dag behaal naamlik 27 wat redelik is vir die eerste wedstryd van die seisoen.

Verder het Cuyler nie sleg gekolf nie en sy agt lopies nie-uit-nie het baie vir die Puk beteken.

Die Puk was uit vir 'n totaal van 65.

Ben Potgieter en Gert Snyman het aan die spits gestaan van die Pukke se boulaanval en het soos twee ou veterane geboul.

Die Proefplaaskolwers kon niks uitrig teen die blitsige boulwerk van Ben nie. Op een stdium was sy boulontleding vier boulbeurte, twee paaltjies vir slegs een lopie.

Stadig het die manne van Proefplaas egter reggeruk en die agterstand begin inhaal.

Die wedstryd het nou baie spannend geword. Toe Proefplaas nog slegs vyf lopies moes behaal, was daar nog drie kolwers om te kom kolf. Twee paaltjies het egter vinnig gespat vir twee lopies en die laaste kolwer het kom stelling inneem.

Die spanning kon duidelik gevoel word, want die uitslag van die wedstryd sou van die laaste paar lopies en balle geboul afhang.

Toe Andries van der Walt boul en die bal die paaltjies net nie raak nie, het almal asem opgehou.

Die kolwers van Proefplaas was egter vasbeslote om die wedstryd te wen en hulle het 71 lopies aangeteken voor hulle laaste paaltjie gespat het. Hulle wen dus 'n baie spannende wedstryd met vyf lopies.

—Hasie Howell.

* * *

Persoonlikheid is die benaming wat ons gee aan ons eie versameling snaakse maniertjies.

* * *

Sonder ons maskers sal ons vriende ons nie herken nie.

* * *

As jy alles verloor het, het jy nog die toekoms oor.

* * *

Dit is beter om eers bemin te word en dan verstoot te word as om gladnie bemin te word nie.

* * *

Aan die hand wat rose gee, kleef daar altyd 'n rosegeur.


# Tweede Tennisspan Klop Garnisoen

Nadat die 2de span aanvanklik baie swak afgesit het en die onderspit moes delf teen Park "A" sowel as teen Ko-op. te Klerksdorp het hulle reggeruk en vir 'n verrassing gesorg deur Garnisoen, een van die sterk spanne in die tweede liga met 'n betreklike groot oorwinning te klop, onder die leiding van Piet Riekert. Die eindtelling was Universiteit 107 en Garnisoen 71. Hier het veral L. Schoombee en Elize du Toit onder die dames en P. Riekert en Niek Taljaard onder die mans die oog gevang met goeie spel.

Vir die tweede span lê daar nog omtrent 4 wedstryde voor en hulle kan maar dopgehou word. Die tweede span is vanjaar besonder jonk en nuut met mense soos Hennie v. d. Merwe, Rita v. d. Wateren en Elmien Otto maar ons het baie goeie hoop vir die jong klomp en daar word veel van hulle verwag in die komende jaar.

Langs hierdie weg wens die nuwe bestuur net almal baie sterkte toe te wens met die eksamens en in besonder vir die tennisspelers en ander lede van ons klub. Laat ons maar altyd reg wees en die vraestelle met goedgemikte dryfhoue agteruit dryf en dan daardie doodsteek lewer, alle sterkte!!

**MOENIE......**



**Met 'n koue pampoen om die bos gelei word nie.**

KOM NA

**CORNER FRUIT STORE**

**DIE VRUGTEWINKEL**

OP DIE HOEK

**Geniet die Meesterstuk**

**...in die Meester Grootte**




*Rembrandt*

MEESTERS

FILTER DE LUXE

DAAR IS GOLIE REDES VIR DIE MEESTER GROOTTE

Kroierer RMFA 4